

## **Ons droom vir die gemeente:**

Hier is iets van my droom vir die gemeente wat ek glo op sekere punte sal aansluit by jou droom vir die gemeente en so glo ek, ook op sekere punte sal aansluit by God se droom vir ons gemeente. Daarom praat ek hier van "ons" droom vir die gemeente.

Die eerste deel van die droom is sekerlik dat ons gemeente hierdie **warm ruimte** sal wees veral in ons wyke en kleingroepe en eredienste en ander gesamentlike byeenkomste waar nuwe intrekkers of besoekers of hulle wat stukkend en seer omhels sal voel deur die gemeenskap van gelowiges wat hulle hier by ons ervaar. Ek glo dat die groei in kleingroepe en die onderlinge versorging wat daarmee sal gepaard gaan, ons baie op hierdie pad van warmte en liefde onder mekaar gaan help.

Die tweede deel van die droom is vir **inspirerende eredienste** waar die Woord van God verkondings sal word en gehoor sal word as die Woord van God spesifiek vir hierdie geslagte van God se mense en hierdie tyd waarin ons leef. My droom is ook hier dat hoe ons aanbid deur sang en gebed en getuïenisse sal bydra tot die inspirasie wat God op hierdie gebied vir ons wil bring. Ek bid dat ons almal met 'n luisterende en leerbare gees na eredienste sal kom, ongeag wie op die kansel staan.

Die derde deel van die droom is die gebed dat ons **al hoe meer sal verander in ons taal en optrede van "ek" en "my" na "ons"**. Dat ons die "ons" en "hulle" sal agterlaat en al meer die eenheid wat die Gees tussen ons gesmee het as God se mense sal najaag en waardeer.

Die vierde deel van die droom is dat ons die **diversiteit** wat in ons gemeente bestaan tussen mense se bedieningsvoorkeure en erediensvoorkeure as **iets positiefs** sal sien en waardeer en nie as iets negatiefs en afbrekends sal beskou nie. Jy mag anders as ek aanbid of anders as ek wil sing en dat dit nie my aanbidding van God hoef te benadeel nie.

Die vyfde deel van die droom is dat die **manier hoe ons besluite in die gemeente neem**, veral in ons kerkraad, al hoe meer sal skuif van bloot strategies na **geloofsonderskeidend**, dat ons besluite biddend en in ootmoed en afhanklikheid van God geneem sal word.

Die sesde deel van die droom is dat ons elkeen en ons almal saam die landskap van God se Woord al beter sal leer ken, maar ook die landskap van ons omgewing hier in Malmesbury sal leer ken en sal **weet wat is die nood en die geleentehede vir die evangelie wat hier in ons eie omgewing bestaan**. En dat ons die geloofsmoed en geestelike energie sal hê om daardie uitdagings daadwerklik aan te pak.

Die sewende deel van die droom is dat **ons as gemeente op die Here sal fokus** en oop kanale sal wees vir dit wat Hy in ons en deur ons wil doen in mense se lewens en in ons omgewing. Hy moet ons agenda bepaal en wat ons doen moet nie enige individu of die gemeente verheerlik nie, maar vir Hom wat ons Here en Meester is. Ons dank Hom dat Hy ons reeds alles geskenk het wat nodig is om te lewe en Hom te dien (2 Petrus 1:3).

Dankie vir die voorreg om saam met my kollega en broer George julle herders en vriende te kan wees en saam met julle te kan leef in hierdie huisgesin van God in Swartland-Noord

Ds. Jan.